**20 September 2020** **(Erediens – Ons God is Groot)**

**Votum en Seën**

Ons hulp is in die naam van die Here wat hemel en aarde gemaak het, wat trou bly tot in ewigheid en nooit die werk van sy hande verlaat nie.

Genade en Vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus, deur die werking van die Heilige Gees.

**Oomblik van Stilte**

Raak bewus van God se teenwoordigheid rondom jou, voel hoe Hy Sy arms van liefde om jou sit en vir jou sê: "Jy is Myne, Ek het jou geroepe om my te volg en my getuie te wees oor die ganse heelal"

**Die Wet**

| | |
|---|---|
| 1 | Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: |
| 2 | "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. |
| 3 | Jy mag naas My geen ander gode hê nie. |
| 4 | "Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. |
| 5 | Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat, |
| 6 | maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. |
| 7 | "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. |
| 8 | "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. |
| 9 | Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, |

| | |
|---|---|
| 10 | maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. |
| 11 | Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig. |
| 12 | “Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee. |
| 13 | “Jy mag nie moord pleeg nie. |
| 14 | “Jy mag nie egbreuk pleeg nie. |
| 15 | “Jy mag nie steel nie. |
| 16 | “Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. |
| 17 | “Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.” |

**Skulldbelydenis en Genadeverkondiging**

Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het – **Barend En Ilse**

**Lofsang (Staande)**

Lied 200 – U goedheid, Heer, kan ons nie peil nie (1,2 en 3) **(Gemeentesang)**

Skriflesing

Ons gaan saamlees uit Jesaja 6.

| | |
|---|---|
| 1 | In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit, en die onderste van sy kleed het die tempel gevul. |
| 2 | By Hom was daar serafs om Hom te dien. Elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy gesig bedek, met twee sy voete en met twee het hy gevlieg. |
| 3 | Die serafs het mekaar telkens toegeroep: “Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid.” |

| | |
|---|---|
| 4 | Hulle het so hard geroep dat die deure in hulle kosyne gerammel het en die tempel vol rook geword het. |
| 5 | Toe het ek uitgeroep: “Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige.” |
| 6 | Een van die serafs het toe 'n gloeiende kool met 'n tang van die altaar af gevat en na my toe gevlieg. |
| 7 | Hy het my mond aangeraak met die kool en gesê: “Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe, jou sonde versoen.” |
| 8 | Toe het ek die Here hoor vra: “Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?” Ek het geantwoord: “Hier is ek! Stuur my!” |

Ons gaan vanoggend in die Skrif soek na ‘n visie van God waarin ons Hom kan leer ken soos wat Hy werklik is.

**Teksvers:**

**Vers 8: “Toe het ek die Here hoor vra: Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees? Ek het geantwoord: Hier is ek! Stuur my!”.**

Daar is seker min plekke in die Bybel waar ons ‘n beter voorstelling kan kry van God en van sy grootheid. Jesaja bevind homself in ‘n krisis oomblik. Ussia, Koning van Israel vir 52 jaar, is oorlede.

Die volk het onder sy heerskappy gegroei en ryk geword. Solank as wat hy regeer het, was die volk vervul met sterkte, sekuriteit en hoop vir die toekoms.

Nou is hulle fondamente geskud met sy afsterwe, en heers daar groot onsekerheid.

Jesaja gaan na die tempel om God te gaan opsoek, en vind ‘n visioen van God wat sy hele lewe verander.

Dit openbaar God soos wat Jesaja Hom nog nooit gesien het nie en bied aan Jesaja weer ‘n betekenisvolle toekoms.

**SOEWEREINITEIT**

Jesaja sien eerstens die soewereiniteit van God. Met ander woorde, God se mag. Toe hy die tempel ingaan, sien Hy God op sy troon sit. Hy kom tot die besef dat ten spyte van Israel se wêreld wat in duie gestort het deur die afsterwe van Ussia en ten spyte daarvan dat die troon nou leeg staan, die hemelse troon steeds beset is.

God se troon is baie hoog, hoër as sy skepping, en van daar regeer Hy die hele wêreld. Waar Hy op sy troon sit, heers God oor alle ander heersers. Ja, Hy het selfs regeer oor die grote koning Ussia.

Die mag van ‘n antieke Koning was gemeet aan die lengte van sy kleed. Toe Jesaja sien dat God se kleed die hele tempel vul, het hy besef dat God se onbeperkte mag nie gemeet of beperk kan word nie.

Dit is die beeld van God wat ons weer in ons koppe moet kry. ‘n God met onbeperkte mag wat oor alles en almal regeer.

- Nie die beeld van ‘n God wat heers in ‘n wêreld wat op die oog af buite beheer is nie.
- Nie die beeld van ‘n God wat voortdurend in ‘n stryd met satan en demone gewikkel is, maar blykbaar nooit die oorhand kry nie.
- Nie die beeld van ‘n God wat deur mense en dit wat hulle sê gemanipuleer kan word tot eie voordeel nie.

Nee, ons moet weer die beeld kry van God wat op sy troon sit, wat in beheer is. ‘n God wie se mag onuitspreeklik groot is.

**HEILIGHEID**

Tweedens het Jesaja bewus geraak van God se heiligheid.

By die troon was daar Serafs om God te dien. Elkeen van hierdie engele het met twee vlerke hulle oë toegehou, sodat God se uitstralende glans, hulle nie sal verblind nie.

Met twee ander vlerke het hulle hul voete toegehou, wat weer dui op nederigheid en die besef dat hulle nie werklik in God se heilige teenwoordigheid kan wees nie.

Met hulle laaste twee vlerke het hulle gevlieg, om sodoende hulle gewilligheid om God te dien en gehoorsaam te wees, aan te toon. Nogtans het dit wat hulle gesê het, God se heiligheid meer aangetoon.

"Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige, die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid". Hierdie herhaling van die woord heilig wil eintlik sê: "Heilig, heiliger, heiligste", die engele gesang basuin uit dat God die absolute heilige in die ganse heelal is.

In vandag se samelewing word die absolute heiligheid van God afgemaak as iets wat in die Ou Testament hoort. Die God van die Nuwe Testament is 'n vriendelike God wat ons vriend, ons ou pêl, is. Hy is nie so ver bo ons verhewe nie, want ons is deur Jesus Christus verhewe tot goddelike status. Hoe die mens ookal probeer om God se heiligheid te misken, die Serafs sal dit uitbasuin tot aan die einde van dae: Heilig, Heiliger, Heiligste!!!

**GROOTSHEID**

Derdens het Jesaja bewus geraak van God se grootsheid: Die deure het in hul kosyne gerammel en die tempel het vol rook geword. Toe het Jesaja uitgeroep: "Dit is klaar met my! Ek is verlore. Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige". Waar God aan die mens verskyn, daar besef die mens sy nietigheid voor die hemelse Koning.

Jesaja is verskrik. Hy besef dat hy verlore is as God gaan optree teen die mens se sonde. Hy was verslaan en daarom kan hy nie anders as om sy eie swakheid te bely nie.

Hy bely dat hy dit verdien om deur God se oordeel vernietig te word. Selfs dít wat die reinste van die profeet moet wees, sy lippe, is onrein.

Dit is 'n belydenis wat getuig van nederigheid deur een van die grootste Profete van alle tye. Hy moes dit bely, want hy het tot die besef gekom van God se grootheid. Wanneer ons God se heiligheid aanskou, dan kan ons nie anders as om ons eie sonde en nietigheid raak te sien nie.

Indien ek die Bybel reg lees, het God se verskyning gepaard gegaan met aardbewings, wind, vuur, mure wat bewe, en ja, mense wat op hulle gesigte voor God val en hulle nietigheid bely.

Dit lyk my asof ons vandag ‘n ander God aanbid as die mense in die Bybel, want God verskyn sommer so terloops aan my voor die spieël, sommer so terwyl ek dalk naak daar staan praat ek met my ou pêl, God. En ek sê hierdie woorde met die walging wat dit verdien.

**LIEFDE**

Vierdens het Jesaja ‘n beeld gesien van God wat liefde is. Soos wat hy tot ‘n besef van God gekom het, het hy ook ontdek dat God vergewe. Een van die engele het na Jesaja gevlieg en sy mond aangeraak met ‘n gloeiende kool.

Hierdie kool simboliseer God se reiniging van die mens, van sy sonde. Warm gloeiende kole, is op die Dag van Vergifnis, op die altaar geplaas wanneer daar geoffer is vir sonde en om vergifnis, van die volk. Een van hierdie offerkole, is nou gebruik om Jesaja te reinig.

**GENADE**

Vyfdens het Jesaja ‘n beeld gesien van God se genade. Ons lees in vers 8: “Toe het ek die Here hoor vra: Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees?”. God roep die profeet na vore om in sy diens te staan.

God se genade word duidelik getoon deur Jesaja se roeping tot diens aan God te herstel. Jesaja ontvang ‘n tweede kans van God.

God is ook ‘n God van tweede kanse, ‘n God wat ons weer sal gebruik, indien ons net ons sonde sal bely.

- Jona moes eers deur ‘n vis ingesluk word, alvorens hy sy tweede kans gekry het.
- Die dissipel Petrus, moes eers deur die haan herinner word van sy sonde, voordat hy ‘n tweede kans gekry het.
- Jesaja het ook hierdie les geleer, net soos wat ons dit moet leer, dat God ook tweede kanse gee.

In hierdie visioen van Jesaja, word die beeld wat hy van God het, herstel. Die eienskappe soos wat Jesaja dit waargeneem het, naamlik: God se Mag; Heiligheid; Grootsheid; Liefde en Genade, vorm een beeld, om God aan Jesaja te toon, soos wat Hy is.

Waarskynlik die grootste profeet van alle tye het op die grond gelê en bewe toe hy van aangesig tot aangesig met God kom.

Nou waarom hierdie gedeelte vandag lees?

In vandag se wêreld het ons baie beelde van God. Soms sien ons net die genadig God raak, die God van Liefde en die een wat ons veilig hou en met wie ons kan praat wanneer ons deur die golwe van die lewe binne die storm heen en weer geruk word.

In vandag se wêreld en ons omstandighede vergeet ons so maklik wie God werklik is!

Ek en jy dien ‘n God wat Soewerein is, wat heilig is en wat GROOT is, daarmee saam dien ons die lewende God wat jou en my so oneindig liefhet en ons veilig bewaar. Sy Genade is vir jou en my genoeg sê Woord van die Here.

Vandag is ons weer as gemeente saam in die huis van die Here en kyk ons terug na die afgelope 6 maande, ‘n halwe jaar en sien hoe hierdie God wat ons aanbid ons gedra het, beskerm het en selfs uit situasies uitgered het, omdat ons na Hom toe terug gedraai het.

Die boodskap vir vandag is dus kyk terug na die afgelope tyd en ervaar sien hoe groot die Here werklik is. Dalk moet ons weer na hierdie ongelooflike beskrywing van ons God luister.

| | |
|---|---|
| 1 | In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit, en die onderste van sy kleed het die tempel gevul. |
| 2 | By Hom was daar serafs om Hom te dien. Elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy gesig bedek, met twee sy voete en met twee het hy gevlieg. |
| 3 | Die serafs het mekaar telkens toegeroep: “Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid.” |

| | |
|---|---|
| 4 | Hulle het so hard geroep dat die deure in hulle kosyne gerammel het en die tempel vol rook geword het. |
| 5 | Toe het ek uitgeroep: “Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige.” |
| 6 | Een van die serafs het toe 'n gloeiende kool met 'n tang van die altaar af gevat en na my toe gevlieg. |
| 7 | Hy het my mond aangeraak met die kool en gesê: “Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe, jou sonde versoen.” |

**Amen**

**Gebed**

**Slot lied**

- Lied 464 – O, Heer my God 1,2 en 4(Gemeente sing met Barend as voorsanger)

**Staan vir Geloofsbelydenis**

**Seengroet**

Lied 314 – Amen (Gemeentesang)